## Gemeenskapsgeleide strategieë sleutel om brandgevaar in nedersettings te verminder

**Patricia Zweig***

Op 11 Maart 2017 het ’n reuse-brand in die Imizamo Yethu informele nedersetting in Kaapstad die lewens van vier mense geëis. Meer as 2 000 informele huise is vernietig, terwyl meer as 97 000 mense dakloos gelaat is. Op 6 September vanjaar het nog ’n brand 264 huise in dieselfde nedersetting vernietig met sowat 800 mense wat dakloos gelaat is. Ondanks die vlaag van mediadekking en regeringsoptrede ná die 2017-brand, wil dit lyk asof geen lesse geleer is nie. Die vernietiging wat hierdie brande saai, gaan onverpoosd voort.

Die aantal brande in informele nedersettings in Suid-Afrika is aan die toeneem. Meer as 5 500 sulke brande word nou elke jaar aangemeld. Die hier syfer sluit die talle brande uit wat inwoners self blus sonder om die plaaslike brandweer in kennis te stel. Meer as 50% van alle brand-verwante sterftes kom in informele strukture wat of in nedersettings of agterplaas-wonings geleë is, voor. Gegewe die toenemende aantal mense wat in informele wonings in die stad woon, is dit dalk geen wonder nie dat Kaapstad een van Suid-Afrika se stede is waar die meeste brande voorkom en ook die hoogste algehele sterftesyfer weens brande het. Bykomend tot voorkombare sterftes, verarm sulke brande huishoudings wat reeds kwesbaar is, verder. Dit dui op ’n dringende behoefte vir ingrypings om die voorkoms van brande te voorkom en proaktief lewens en eiendom te beskerm.

Inwoners van hierdie nedersettings wat geneig is tot brande, verstaan die aard van daaglikse huishoudelike aktiwiteite en ander faktore die beste wat die brandrisiko verhoog. Hul diepgaande plaaslike kennis moet aangewend word in die ontwikkeling van strategieë om brandrisiko’s in nedersettings aan te spreek deur hulle by moontlike oplossings te betrek. Dit is egter moeiliker gesê as gedaan omdat gemeenskappe ver van die saamklewende groepe is wat ons wil glo hulle is. Daar moet maniere gevind word om die hindernisse tot kollektiewe probleemoplossing uit die weg te ruim, ten einde inwoners in nedersettings te help om saam te werk om risiko’s in hul eie gemeenskappe aan te spreek en om oplossings te vind wat beide aanvaarbaar en toepaslik is vir plaaslike kontekste.

’n Noodsaaklike vertrekpunt vir mede-ontwikkeling en vir die toets van oplossings is om gemeenskappe, plaaslike regering en ander rolspelers bymekaar te bring om hul perspektiewe met mekaar te deel en in gesprek te tree oor die kwessie van brande. Eksterne rolspelers het die afgelope paar jaar ’n reeks ‘oplossings’ geïdentifiseer, maar hoewel dit goed bedoel was, is dit nie oor die algemeen deur medewerking ontwikkel nie. Wanneer oplossings nie in vennootskap met die bedoelde begunstigdes ontwikkel word nie, vind hulle gewoonlik nie regtig inslag nie en lewer dit nie positiewe uitkomste nie. Gemeenskapsbetrokkenheid is dus noodsaaklik vir enige ingryping om suksesvol volgehou te word.

In die Wes-Kaap is daar toenemende belangstelling in die gebruik van rookalarms in informele nedersettings. Verskeie munisipaliteite en nieregeringsorganisasies het die afgelope paar jaar ’n verskeidenheid tipe alarms in uitgesoekte gemeenskappe geïnstalleer. Hierdie alarms is egter oorspronklik as vroeëwaarskuwingstelsels vir formele geboue ontwikkel. Navorsing wat in samewerking met ’n gemeenskap gedoen is waar die tegnologie getoets is, dui daarop dat aanpassings nodig is sodat hulle doeltreffend in informele wonings kan werk. Informele wonings hou ’n verskeidenheid uitdagings in wat die sensitiwiteit van die alarms beïnvloed en hul duursaamheid ondergrawe. Informele inwoners is in die beste posisie om inligting aan tegniese kundiges te verskaf wat hierdie alarms wil aanpas en verbeter.

Gemeenskapslede is nie net die kundigste oor hul risiko-omgewing nie, maar reageer ook altyd eerste op brande – maar tog het hul beperkte hulpbronne hiervoor. Hul vermoë om doeltreffend te

reageer kan deur gereedheidstrategieë en die uitbou van kapasiteit verbeter word soos deur die verskaffing van noodhulp- en brandbestrydingsopleiding – veral aan jeugdiges. Hierdie vaardigheidsontwikkeling kan plaaslike inwoners ook meer bewus maak van die talle uitdagings wat informele omgewings vir brandbestryders inhou sodat hulle brandreaksie-eenhede beter kan ondersteun wanneer hulle opdaag, byvoorbeeld deur spesiaal-opgeleide brandbeamptes wat baie goed vertroud is met die uitleg van die nedersettings en weet waar die brandkrane geleë is.

Die Stad Kaapstad hou van 4–10 Oktober ’n Brandvoorkomingsweek met die doel om die publiek se aandag op brandrisiko’s in die huis te vestig. Dit is ’n belangrike stap om die hoë voorkoms van brande in die stad aan te spreek. Kom ons erken ook informele gemeenskappe as vennote in pogings om risiko te verminder. Eerder as die meestal onsuksesvolle bo-na-onder-benadering wat tot op hede gebruik is, moet ons saam met informele inwoners werk om hul behoeftes en prioriteite te verstaan, om ’n gedeelde begrip tussen hulle en die owerhede te ontwikkel en om aan hulle ’n stem te gee om risikoverminderingsmaatreëls te identifiseer en in werking te stel wat op hul konteks toepaslik is. Meer moet gedoen word om sulke uitdagings te verstaan – en om saam met gemeenskappe te werk om gepaste en volhoubare oplossings te ontwikkel.

***Patricia Zweig is ’n dosent en navorser by die Navorsingsalliansie vir Ramp- en Risikoreduksie (RADAR) aan die Universiteit Stellenbosch.**